A187

UNITED DEMOCRATIC FRONT

Kew "AL 87"

# Waarom UDF mense vra om Nie te STEM in die 22 AUGUSTUS VERKIESING

## Indien U stem dan sê U:

1. JA dat mense forseer word om te trek uit hul gevestigde gebied [illegible] om te trek vanaf Distrik Ses en Goodwood Akkers na die Kaapse Vlakte en Mitchells Plein en Khayalitsha.
2. JA dat Suid-Afrika opgebreek word in 'n klomp klein rassistiese "state" soos Transkei waar mense honger ly. sonder werk is en geen regte het in hul geboorteland (S.A.) nie.
3. JA dat ons kinders opgeroep word in die weermag om te sterf vir 'n stelsel wat gebasseer is op rassehaat. In die verlede (Eerste- en Tweede Wêreldoorlog) het ons ouers geveg vir sogenaamde vryheid. Wat het met hulle gebeur en waar is ons vandag?
4. JA vir die Groepsgebiede Wet wat so baie lyding veroorsaak het en wat versterk word deur die sogenaamde Nuwe Bedeling.
5. JA vir Apartheid. Onderdrukking en Uitbuiting.

## Indien U Nie Stem Nie dan sê U:

1. NEE om deel te wees van hierdie stelsel wat mense se basiese regte ontneem.
2. NEE om deel te wees van die onderdrukkers.
3. NEE om 'n misdaad te pleeg teen die mensdom. (Apartheid is as 'n misdaad teen die mensdom verklaar deur byna elke land in die wêreld).
4. NEE vir rassistiese. minderwaardige onderwys en opvoeding van ons kinders.
5. NEE vir swak lone en salarisse wat lei tot hongersnood in 'n land waar die rykdom in die hande van 'n klein groepie mense is.
6. NEE vir swak poppe-leiers wat net belange het om hul eie sakke te vul. ('n Lid van die nuwe parlement sal R43 000 'n jaar verdien).
7. NEE dat mense huisloos moet wees en NEE vir swak behuising.

Die sogenaamde Kleurling- en Indiërleiers sê dat hulle die stelsel van binne-af wil verander (Teen R43 000 'n jaar en al sy onkoste word gedek!).
Maar die Nuwe Bedeling is so opgestel dat net die Nasionale Party kan besluit wanneer hulle wil verander.
Ons weet dat hulle nooit hul mag vrywilliglik sal opgee nie.

Die UDF glo in 'n Nie-Rassige. Demokratiese. Onverdeelde Suid-Afrika waar daar geen uitbuiting en onderdrukking sal wees nie.

Dit kan net gedoen word wanneer al die mense verenig is en die stem van die ware leiers weer gehoor word.
Baie werk moet nog gedoen word voordat dit kan gebeur.
Ons kan begin deur by ons dorpe se demokratiese organisasies aan te sluit en ook aan ons vooruitstrewende werkersunies deel te neem.

issued by the M/Plain Sub Region of the UDF

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.